# Verslag van die Voorsitter van die Tygerberg Sakekamer

# 2024/2025

Hiermee 'n oorsig van die Sakekamer se aktiwiteite die afgelope jaar.

**Oorsig**

Die afgelope jaar was vol hoogtepunte en 'n baie suksesvolle een wat ons kan afsluit met ons Gala aand tydens 'n spog geleentheid by Goedgeleven in Durbanville. Die bestuur ontmoet maandeliks en sorg dat die Sakekamer goed funksioneer en bestuursvergaderings agendas is saaklik en besluite word geneem met die doel om die lede en die sakekamer as 'n geheel te bevorder.

Ons is dankbaar vir die toewyding van die bestuur aangesien elke sakeman en vrou voor die groot uitdaging met betrekking tot beskikbare tyd staan en daarom soveel meer waardeer ons almal se waardevolle insette en tyd om aan die sake van die kamer te bestee. Die bestuur het hulle werklik uitstekend van hulle taak gekwyt.

**Ons ledetal het gewissel tussen 55 en 60 lede deur die jaar**. Soos te wagte is daar jaarliks 'n paar lede wat hul lidmaatskap opsê en nuwes wat bykom. Ons hoop dat lede wat gekanselleer het weer op 'n latere geleentheid by ons sal aansluit. Ons is opgewonde oor die aansluiting van 4 nuwe lede sommer vroeg in die nuwe jaar en is dit 'n goeie vooruitsig op die jaar wat kom.

Ons kontantvloei is inaggenome ons ledetal steeds goed en het ons 'n batige banksaldo van R39 791.09 op 31 Desember 2024.

Ek kan, met groot dank aan my bestuur, rapporteer dat ons 'n baie aktiewe Sakekamer is en ons administrasie uiters vlot verloop.

**Mylpale van die afgelope jaar.**

Wat het ons die afgelope jaar vermag?

1. 'n verhoogde ledetal by vergaderings en byeenkomste.
2. Lelanie Carrick van LC Design het heeljaar die uitsonderlike diens verrig om ons sosiale platforms op datum te hou en elke funksie en netwerk te bemark en foto's te neem. 'n Groot hoogtepunt was 'n nuwe webwerf wat LC Design ontwerp en geskep het. Besoek gerus www.tygerbergbc.co.za om te kyk na ons pragtige nuwe webwerf. Ons volgelinge groei steeds mooi danksy haar hulp en bystand met Facebook en Instagram. Dit hou ons lede op hoogte en help met bemarking na buite.

3. Die bestuurskomitee lede sit baie ekstra ure in die sakekamer ten spyte van hulle individuele uitdagings dat hulle self in professionele beroepe staan of besighede bedryf en tyd ‘n beperkte kommoditeit is. Ten spyte daarvan kon ons goeie waarde vir ons lede bied en ons administratiewe pligte byhou.
4. Die Sake-ete met die Stad Kaapstad. Hierdie hoogtepunt en spog geleentheid het plaasgevind op 31 Oktober by Goedgeleven net buite Durbanville. Ouder gewoonte was Kaapstad se Burgemeester weer die spreker en is daar heerlik gekuier. Die borg van die swierige geleentheid was Die LRE Groep en ons opregte dank aan Lucas van Vuuren.
5. Ons TJ’S Lekka Braai Potjiekoskompetisie by Stellenberg Hoërskool was weer ŉ groot sukses. Daar het 15 potte ingeskryf en ons het ‘n heerlike dag van lekker eet, lag, pryse en bou van nuwe besigheidsvriende en konneksies daaruit gekry. Ons beoordelaars was Jenny Morris, Anrich Herbst en Le Roux van Vuuren van Kokkedoor faam en dosente van Northlink College se spysenierings fakulteit. Dit bly verseker ‘n baie groot hoogtepunt op ons jaarlikse program.
6. Daar was 2 uitreikgeleenthede in die jaar met ŉ besoek aan die seniors van Rusoord op 18 Julie. Boereworsrolle is bedien en elke bejaarde het ŉ sak met toiletware ontvang. Die jaar is afgesluit met ŉ 2de uitreik geleentheid by Olympians se First 1000 Days in Fisantekraal op 4 Desember.Tydens die geleentheid is ŉ kerspartytjie aangebied vir die 20 kinders met hul mammas.
7. Ons finansiële posisie is steeds goed en ons is dankbaar om geld in die bank te kan hê. Die Tesourier sal in haar finansiële verslag die detail hanteer. Ons borge het ŉ groot rol gespeel en wil ek weereens spesifiek vir Die LRE Groep bedank wat ruim geborg het. Dan is daar ook verskeie ander borge en lede van ons Sakekamer wat deurlopend ŉ bydrae lewer. Daar was ook ander hoogtepunte en netwerkgeleenthede maar kom ons volstaan by die bogenoemde. Dankie, aan ons lede wat die Sakekamer se aktiwiteite ondersteun het en wat die Sakekamer se belange op die hart dra.

**Ledetal**

Ons ledetal soos reeds genoem staan op 60 lede en hou ons doelwit van ŉ 100 lede in die oog vir die nabye toekoms. Die potensiaal in ons omgewing is groot en moet lede ons asb help om die groei te bewerkstellig.

Ek doen weereens ŉ beroep op almal om asb. aktief by ledewerwing betrokke te raak.

**Bestuur**

Ek het nou my sesde jaar as voorsitter gedien en wil graag spesifiek vir my ondervoorsitter Elroy Jonkers bedank vir sy bystand en ondersteuning in hierdie reuse taak.

Ek wil graag ook van die geleentheid gebruik maak om vir ons tesourier Debbie Taljaard, te bedank vir die rol wat sy gespeel het in die sukses van ons sakekamer en die mooi hantering van ons finansies..

Dit is altyd goed om jaarliks nuwe energie in die bestuurskomitee te bekom en ek is opgewonde om te verneem dat al ons bestaande bestuurs lede weer hulle self beskikbaar gestel het vir nog ‘n termyn. Daar is tans twee vakatures op die bestuur wat gevul moet word.

Ek is dankbaar vir die ondersteuning en toewyding van my bestuurspan. Die span is kreatief en betrokke in die gemeenskap en almal is baie besig in hul eie besighede en beroepe maar tog vind hulle die tyd om op die kamer se bestuur te dien en nuwe inisiatiewe aan te pak.

Hier moet ek die dagbestuur wat bestaan uit Phillip van Zijl, Elroy Jonkers, Debbie Taljaard, en Marina van der Meulen spesifiek bedank vir hulle volgehoue beskikbhaarheid en insette.

Baie dankie vir julle toewyding en opoffering.

**Waardeproposisie aan lede**

Ons is deeglik bewus dat ons ledetal slegs sal groei as ons ŉ waardeproposisie aan lede bied. Ons het beslis daarin geslaag om lede en ander sakemense by ons aktiwiteite te betrek. Ons vorm deel van gespreksgroepe soos die GTP (Greater Tygerberg Partnership) Bellville en sakekamers binne die AHI en Business Western Cape.

Ons streef voortdurend daarna om die waardeproposisie aan ons lede te bly verbeter.

**Finansies**

Ons het tans ŉ batige banksaldo van R33 871 en ŉ beleggingsrekening met die saldo van R65 063. Ek dink ons kan altyd streef na ŉ verbetering in ons finansiële posisie wat gepaard gaan met aktiewe nuwe ledewerwing.

Die Tesourier doen volledig verslag.

Sien aangehegte detail finansiële state.

**Bedankings**

Ek wil graag die Bestuur bedank vir hulle ondersteuning en toewyding.

Dan ook die raadslede wat ons ondersteun. Baie dankie vir julle betrokkenheid en voorgesette ondersteuning.

Ek wil ook vir Hoërskool Stellenberg baie dankie se vir die beskikbaarstelling van hulle fasiliteite vir ons Potjiekoskompetisie elke jaar

Laaste maar seker die belangrikes, ons lede, dankie aan elkeen van julle vir jou lidmaatskap en ondersteuning. Ons besef terdeë dat sonder julle betrokkenheid die Tygerberg Sakekamer nie bestaansreg het nie.

Geteken.

_______________
SP Beeselaar
**VOORSITTER**
**APRIL 2025**